Les 6: Vergewe

(Soos God julle vergewe)

Vredemaker

Kerngedagte: Om te vergewe is 'n keuse

Kernvers:
Efesiers 4:32
"Julle moet vriendelik wees met mekaar, julle moet jammer wees vir mekaar en julle moet vir mekaar help. Christus het gesterf en God het julle vergewe. Daarom moet julle ook mekaar vergewe."

Hulpmiddels:
Liedjies: Soekie (God is groot) – 70x7

Inleiding: "Speel Hangman"
Gebruik die woorde 'vergifnis en genade' om 'hang man' mee te speel.

V _ _ _ i _ n _ _ _ _ _ e _ _ d _

Skryf die alfabet op 'n groot vel neer. Die kinders kry nou kans om te raai watter letter kort in die spasies hierbo. Elke keer as hulle regraai, kan die letter ingevul word. Elke keer as iemand verkeerd raai word daar 'n mannetjie geteken wat gehang word. (dit kan dalk baie wreed voorkom, dus as alternatief kan die groep met 'n groot punt begin en elke keer wanneer hulle verkeerd raai, verloor hulle 'n aantal punte).

Bybelstorie:
Dawid spaar saul se lewe
1 Samuel 24 tot 26
In ons storie van Dawid, moes hy vir saul vergewe.

Vertel die storie van Dawid en Saul vanuit die perspektief van 'n vlermuis wat in die grot was en wat gesien het wat Dawid gedoen het.

'Sjoe maats, die vreemdste ding het nou die dag met my gebeur. Julle weet mos vlermuise hou daarvan om in grotte te bly. Nou ja, nou die dag moes ek my grot huis deel met 'n Koning. Sjoe, maar ek het sommer baie belangrik gevoel. Koning Saul het daar in my grot kom sit. Hy was besig om vir Dawid te soek. Ek dink hy wou vir Dawid doodmaak, maar weet julle wat, Dawid kom toe ingesluip in die grot in, sonder dat die Koning vir Dawid hoor, daar was nie eers wagte by die koning in die grot nie, Dawid kon net daar die koning doodmaak.

Stop storie in die middel. Vra vir die kinders wat hulle sou gedoen het as hulle Dawid was. Hoe sou hulle vir Saul teruggekry het? (noem voorbeelde van dinge wat kinders aan ander gedoen het waarvoor hulle vergewe moet word)

Kom ons kyk wat het Dawid besluit om te doen....."*Dawid het net 'n stukkie van die koning se kleed afgsny en later op 'n ander plek toe hy weer die koning kon doodmaak, het hy die spies en kruik by die koning se kop gevat terwyl hy gelê en slaap het.*
Ek weet nie of ek dit sou kon gedoen het nie. Dawid het vir Koning Saul vergewe dat hy hom wou doodmaak en hom nie doodgemaak het nie, hy het vir die koning genade bewys."

Dit is nie maklik om iemand te vergewe nie. As jy iemand vergewe dan sê jy nie dit wat hulle aan jou gedoen het is ok nie, jy gee hulle ook nie die toestemming om dit weer te doen nie, maar om te vergewe beteken om te besluit om nie die persoon terug te kry vir wat hulle gedoen het nie.

Illustrasie: (Kan dit prakties wys vir die kinders)
As jy kwaad is vir iemand en jy wil hulle nie vergewe nie, dan is dit asof jy 'n boek teen daardie persoon se rug vasdruk en orals waar daardie persoon gaan, moet jy saamgaan en die boek daar probeer vasdruk. Jy moet sorg dat die boek nie val nie. Die ander persoon weet dalk nie eers van die boek teen hulle rug nie, maar jy moet jou doodhardloop om die boek op te hou. As jy iemand vergewe dan laat sak jy die boek en is jy vry. Dis jou keuse of jy gaan kwaad bly en of jy gaan vergewe.

Aktiwiteit
Maize van Dawid en Saul

Herstelling speletjie
Maak 'n paar kaartjies en gooi in een sakkie: Voor op die kaartjies kan staan: 'HOU' (agterop - Saul); voor: 'GEE' (agterop - Jonatan) voor: 'DEEL' (agterop - Dawid)
Maak 'n ander stel kaartjies met punte op: 100 200 300 500 en gooi dit in 'n ander sakkie.
Deel die kinders in twee groepe en vra die verskillende vra op bl 14 vir die kinders. Elke keer as iemand reg antwoord kan hulle twee kaartjies kom trek. Eers 'n kaartjie uit die punte sakkie en dan 'n kaartjie uit die ander Sakkie. As daar staan HOU, dan mag die span hulle punte hou, as daar staan GEE, dan moet die span hulle punte wat hulle nou net getrek het weggee vir die ander span. As daar staan DEEL, dan word die punte verdeel tussen die spanne. Hou telling en die span met die meeste punte, wen!

Vasvrae:

1.Wie kan nog Ps 139:14 opsê? (Ek wil vir U.....dankie sê want U het my WOW gemaak)
2.Hoeveel Kinders was Dawid in sy familie? (10 Kinders – 8 Seuns en 2 Dogters)
3.Dawid het 5 klippies opgetel en een gebruik om Goliat te oorwin. Watter vers het ons geleer om jou te help om die probleme in jou lewe te oorwin? (Die Here is by jou)
4.Waar staan dit? (1 Sam 18:14)
5.Wie was volgens tradisie Saul se opvolger as koning? (Jonatan) Wie is toe gesalf as koning? (Dawid)
6.Wat is die "main event" wat gemaak het dat Dawid baie gewild geword het? (Dawid het Goliat verslaan)
7.Wat vra Dawid vir God oor sy mond? (Sit 'n wag voor sy mond)
8.Is dit verkeerd om kwaad te voel? (Nee) Maar wat is belangrik as mens kwaad word? (die manier hoe jy dan reageer)
9.Wat is maniere hoe ons ons woede kan hanteer? (asemhaal, dink of dit regtig so erg is, draai om en stap weg, teken 'n prentjie oor wat jou kwaad gemaak het)
10. Noem twee goed waarvoor Dawid kon bang wees? (Saul wou hom doodmaak, Baie vyande gehad omdat hy baie oorlog gemaak het.)
11. Wat was Dawid se werk in sy familie en by Saul in die paleis? (herder, skaapwagter, wapendraer en musikant)
12. Wat leer die Bybel vir ons oor hoe God oor ons uiterlike en innerlike voel? (Vir God is ons innerlike belangrik, dit wat in ons hart aangaan, nie ons uiterlike nie. God kyk nie hoe jy lyk nie, maar hoe jy lewe.)
13. Psalm 23 is seker die bekendste psalm in die Bybel. Daarin lees ons: Die Here is my_____ (herder). Wat doen die Here alles vir ons volgens die Psalm. Noem 'n paar dinge. (Beskerm vir ons, sorg vir ons, gee vir ons krag) Vir ekstra punte: Wie kan vir my paar verse daarvan sê?
14. Wat beteken dit om te vergewe? (beteken om te KIES om nie iemand terug te kry nie, al is dit wat hul gedoen het, nie reg nie)



DAWID EN SAUL MAIZE